## ‘PELGRIMSTOG’ VIR BEJAARDES

# 8 marathons, 9 passe, 8 dae

**Ané van Zyl**

Agt marathons met nege bergpasse in net agt dae.

Dit is wat die veteraan-atleet Christo van der Berg (50) van Strand dié naweek gaan aandurf om kwesbare bejaardes te help.

Van der Berg sal vandag in Ashton in die Wes-Kaap wegspring.

As alles volgens plan verloop, sal hy heelpad tot in Clanwilliam al langs die Olifantsrivier hardloop totdat hy sy “pelgrimstog” op 8 Oktober eindig.

Hy pak dié “agt marathons in agt dae” oor 360 km manalleen aan en beplan om sonder ophou te hardloop.

Só wil hy blootstelling gee aan Solidariteit Helpende Hand, wat ook na bejaardes omsien en ook probeer om meer as 8 000 hulpbehoewende kleuters te help voed.

“Daar is soveel bejaardes wat in ’n ouetehuis sit terwyl hul kinders oorsee is,” sê Van der Berg. “Dikwels is dit asof hulle sit en wag om dood te gaan. Dit is baie hartseer.

“Ek probeer bewusmaking skep oor die inisiatiewe wat daar is om hulle te help. Daar is soveel kwesbare mense.”

Hy beskryf dit as ’n pelgrimstog omdat dit volgens hom verteenwoordigend is van die opdraande wat elkeen in hul eie lewe kry.

“Ons het besluit op die roete omdat ek nogal mededingend is – nie noodwendig teenoor ander mense nie, maar teen myself,” sê Van der Berg.

“Ek het my eerste ultramarathon van 53 km in Mei 2021 gehardloop. My afrigter het my oefenprogram ’n bietjie aangepas vir ’n hoër fiksheidsvlak en ek het langer afstande begin hardloop,” sê hy.

Dié pelgrimstog, wat as Run for Hope bekend staan, se roete loop deur die Kogmanskloofpas met sy ou Engelse fort wat dateer van die Anglo-Boereoorlog.

Daarna loop dit deur die Burgerspas, Arangieskop en Rooihoogtepas in die Koo. Die Vensterpas op die R46 is vyfde en daarna die Swaarmoedpas, wat verby die Matroosberge en die Klondyke-kersieplaas loop.

Die Gydopas, net buite Prins Alfred Hamlet, is nommer sewe en hy eindig by Op-die-Berg.

Dan verbind die Blinkbergpas vir Op-die-Berg met Matjiesrivier in die Cederberge. Die laaste en negende pas is Uitkykpas van die Cederberge na Clanwilliam.

Van der Berg pak dit aan ná ’n lang herstelproses weens ernstige kniebeserings. Hy sê hoewel hy nie heeltemal sonder pyn is nie, glo hy dat alles vlot sal verloop.

Terwyl hy draf, sal sy vrou hom in ’n voertuig volg wat teen 10 km/h ry.



Christo van der Berg (50)

## Vrystaatse regering gaan Jagersfontein se huise herbou

Die Vrystaatse regering gaan R24 miljoen bewillig om die 164 huise in Jagersfontein te herbou wat in die mynslikramp in September-beskadig of vernietig is.

Dit sal ses maande duur om die projek te voltooi en die eerste huise sal in Desember aan eienaars oorhandig word, het die kantoor van die premier in ’n verklaring gesê.

Die geld kom uit ’n noodfonds van die departement van menslike nedersettings se toelae.

Die provinsiale regering is in Jagersfontein waar hy die opruimings monitor nadat ’n dam in die myngebied Dinsdagaand oorgeloop en weer oorstromings veroorsaak het.

Die provinsiale regering sê hy sukkel sedert die ramp op 11 September om ’n vergadering met die eienaars van Jagersfontein Holdings, die myneienaars, te reël.

Kopung Ralikontsane, hoof van die provinsiale departement van samewerkende regering en tradisionele sake, sê die provinsie aanvaar verantwoordelikheid om die inwoners te help.

Ralikontsane sê die departement het verwag dat Jagersfontein Holdings nie dadelik sou help nie en het daarom ingetree. Sy departement is wel in kontak met die maatskappy en regulatoriese prosesse is begin om Jagersfontein Holdings se aanspreeklikhede te bepaal.

Mosa Masitha, hoof van die provinsiale departement van menslike nedersettings, sê die inwoners wie se huise vernietig is, word in hotelle en lodges gehuisves. **– Alet van der Walt**



**‘Die mensdom tog…’**

**Bobbejane sit eergister op die muur van die Vlootbasis in Simonstad terwyl ’n vrou op ’n fiets onder hulle verby ry.** Foto: JACO MARAIS



Trevor Noah

## Trevor Noah groet ‘The Daily Show’

Die Suid-Afrikaanse komediant Trevor Noah groet sy Amerikaanse geselsprogram ná sewe jaar in die aanbiederstoel.

Noah, wat sedert 2015 die rol by Comedy Central se *The Daily Show* vertolk, het Donderdagaand die aankondiging aan die gehoor van die episode aangekondig dat sy uurglas uitgeloop het. Dit is egter nie duidelik wanneer hy sy laaste episode van die program sal aanbied nie.

Reuters berig alle oë was destyds op die 38-jarige toe hy die rol by die voormalige aanbieder, Jon Stewart, oorgeneem het. Hy het dit egter reggekry om vinnig sy stempel af te druk en het wêreldklas-inhoud gebied.

In ’n uittreksel van sy bedankingstoespraak wat op Twitter gedeel is, sê Noah hy het ná twee jaar van die pandemie, waar hy in sy woonstel vasgevang was, besef hy mis dit om te reis.

“Toe ek uiteindelik uit my woonstel kon wegbreek, het ek besef daar is ’n hele deel van my lewe wat ek verder wil ontdek. Ek mis dit om ander tale aan te leer en ander lande te besoek waar ek kan optree. Ek mis dit om oral te wees en alles te doen.”

In sy loopbaan as televisieaanbieder het Noah die geleentheid gehad om ’n groot verskeidenheid nuusstories te dek. Dit sluit dekking van die pandemie, die Black Lives Matter-beweging en die 2021-aanvalle op die Amerikaanse kongresgebou in.

Aan die einde van die bittersoet video sê Noah dankie aan die gehoor en kykers van die program.

“Ons het saam gelag en saam gehuil, maar ná sewe jaar dink ek dit is tyd.”

Hy is staande deur die mense in die ateljee toegejuig.

## Hessequa-rotskuns dalk oudste ter wêreld



**Andrew Stroebel, die speaker van Hessequa se stadsraad, by die rotskunsskat.**

Groot opgewondenheid heers oor ’n rotskunsskat van vermoedelik tussen 90 000 en 140 000 jaar oud wat Donderdag van die Geelkrans-gebied na die Blombosmuseum van argeologie in Stilbaai verskuif is.

Die rots is op grond in private besit ontdek en die afgelope twee jaar deur argeoloë bestudeer. Sover bekend is daar nog nie in die wêreld so ’n rots gevind nie.

Dis Donderdag aan die museum besorg nadat dit met ’n helikopter opgehys en na die vliegveld in Stilbaai geneem is. Van daar is dit met ’n voertuig na die museum geneem.

Tinus van den Berg, die Hessequa-munisipaliteit se onderburgemeester, en Andrew Stroebel, die speaker, was teenwoordig toe die rots verskuif is. Hulle het ook gehelp om dit by die museum in te dra.

Stroebel het gister aan *Die Burger* gesê dit was vir hom en Van den Berg ’n voorreg om deel te kon wees van dié geskiedkundige gebeurtenis.

“Die rotskunsskat moet nou deur ’n streng dateringsproses gaan, maar die vermoede is dat dit tussen 90 000 en 140 000 jaar oud is, wat dit moontlik die oudste rotskunswerk in die wêreld maak. Ons is opgewonde oor die argeologiese toerisme-moontlikhede wat hieruit kan voortspruit. Ek wil graag ons dank teenoor die Blombos-museum, asook die kundige en bekwame span van die Hessequa- argeologiese vereniging uitspreek.”

Luidens ’n Facebook-plasing van Stroebel sal dit in die nabye toekoms deur die publiek besigtig kan word. **– Jackie Kruger**



**Die amptelike muntstukke met koning Charles III se gesig op. Hier is die £5 en 50 pennie.**
Foto: REUTERS

## Geen kroon op koning Charles se kop

Nuwe muntstukke met koning Charles III van Brittanje se afbeelding daarop is bekend gemaak en anders as dié van sy ma, Elizabeth, dra die nuwe koning nie ’n kroon op sy kop nie.

Die BBC berig die £5- en 50p-muntstukke sal binne die volgende paar weke vervaardig word. Die beeld van die koning is deur die beeldhouer Martin Jennings ontwerp.

Charles is ook na links gedraai, waar sy ma voorheen na regs gekyk het. Dit is ’n jare lange instelling dat die nuwe monarg na die teenoorgestelde kant gedraai is as sy voorganger.

Chris Barker van die Koninklike Muntstukmuseum het aan CBS gesê dié instelling dateer van die jare van Charles II se bewind in 1649.

Bloomberg berig die muntstukke sal na verwagting teen Kersfees vervaardig en versprei word.

Anne Jessop, uitvoerende hoof van muntstukke, sê dit sal egter nog ’n hele ruk neem voordat al die muntstukke in die land die nuwe koning se gesig op sal hê. Volgens haar is die lewensduur van ’n muntstuk tot 20 jaar. Hulle sal nie die sowat 27 miljard muntstukke met Elizabeth se gesig op uit omloop haal nie tensy die munte beskadig of verslete is.

Jessop sê die verandering sal die belastingbetaler niks uit die sak jaag nie omdat muntstukke altyd vervaardig word om ou en stukkende munte te vervang.

Sy voeg ook by dat mense al hoe minder kontant gebruik vir aankope, wat dus sal beteken dat minder nuwe munte gemaak sal word.

Nuwe note sal ook na verwagting teen die einde van 2024 in omloop kom.

## Harry derde van onder op webwerf

Dit gons onder koninklike kommentators nadat prins Harry se foto en profiel afgeskuif is op die koninklike webtuiste.

Harry is koning Charles III se jongste seun en vyfde in lyn as Britse troonopvolger. Hy bevind hom nou derde van onder af op die webwerf.

Die hertog van Sussex se plek as aanspraakmaker op die troon blyk nie van belang te wees as daar na die rangorde op die webwerf gekyk word nie.

Selfs prinses Alexandra, ’n niggie van koningin Elizabeth II, wat 56ste op die lys is as troonopvolger, se foto en profiel pryk ver bo dié van Harry.

Hy en sy vrou, Meghan, die hertogin van Sussex, het in 2020 aangekondig dat hulle nie meer heeltydse werkende lede van die Britse koningsgesin gaan wees nie. Die egpaar is skerp deur veral Britte gekritiseer ná ’n onderhoud verlede jaar met die Amerikaanse kletskoningin Oprah Winfrey, waarin hulle teen die koningsgesin uitgevaar het.

Meghan se profiel is amper heel onder op die webtuiste, reg langs dié van prins Andrew, die hertog van York. Hy is in omstredenheid gehul weens sy vriendskap met die veroordeelde seksoortreder Jeffrey Epstein.



**Prins Harry en sy vrou, Meghan.**
Foto: GETTY IMAGES


BOSTON CID

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering (AJV)**

Die Boston Community Improvement District NPC (Boston CID) hou ‘n AJV. Alle belanghebbende persone word genooi na ‘n oorsig van die jaar se bedrywighede en beplanning vir 2023/24.

**Datum:** 27 Oktober 2022
**Tyd:** 18:30
**Plek:** SDA Kerk 54 Boston Straat, Boston

Slegs bona fide-lede van die Boston CID kan stem by ‘n AJV. Alle eienaars van nie-residentieële en/of residentsieële eiendom wat binne die Boston CID val, kan lede word sonder enige koste daaraan verbonde, maar moet registreer voor 20 Oktober 2022.


’n Spesiale resolusie sal vereis word vir die wysiging van die nuwe Memorandum van Inkorporasie (MOI) soos beoog in Artikel 16(5)(a) van die Wet op Maatskappye, Wet 71 van 2008.

**Vir meer besonderhede oor registrasie en dokumentasie gaan na - www.bostoncid.co.za , stuur ‘n epos aan secretary@bostoncid.co.za of skakel 0761976816**

X1XEJ042-DB011022

CAPE DENTURES

IMPLANTATE EN SENTRUM VIR MONDGESONDHEID



Herstel van kunsgebitte terwyl u wag.

VISA MasterCard

TANDEELKUNDE IS ONS BEROEP, MAAR MENSE IS ONS FOKUS.

Kunsgebitte • Implantate
Wortelkanaal behandelings • Kroon & brugwerk
Porselein venere • Ortodonsie • Tandbleiking
• Tandkleurige herstellings • Skalering en polering
• Mondskerms

Mediese fonds tariewe geld.
Vroegtydige reëlings verseker ‘n kwaliteit gebit dieselfde dag.

10C Park Lane Office Park h/v Alexandra rylaan en Park straat, Pinelands- langs Vincent Pallotti Hospitaal
**Gratis Parkering**

**Dr P van Greuning – Dr B Julyan – Dr L Smalberger – Dr E Fakir**

Tel: 021 5111992 e-pos: capedentures@jaywalk.com

